higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

(20060105)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	'n Poging om herkenbare woord te produseer	A	aggressiewe gedrag
1.1.2	Die emosionele band wat 'n kind met die primêre versorger vorm	B	vertroue teenoor wantroue
1.1.3	Behou 'n positiewe ingesteldheid teenoor die toekoms	C	skeidingsangs
1.1.4	Tradisionele gesin bestaande uit ma, pa en kinders	D	huil
1.1.5	Die verskil in belangstellings tussen ouers en hulle kinders	E	kerngesin
1.1.6	Hou verband met straf	F	identiteitbehaling
1.1.7	Gil- en borrelgeluide wat babas maak om tevredenheid aan te dui	G	inisiatief teenoor skuldgevoel
1.1.8	Wanneer 'n ma uit die kamer gaan, word die kind angstig	H	kleutertaal
1.1.9	Gedrag wat fisiese skade kan veroorsaak	I	gehegtheid
1.1.10	'n Kind verstaan die wêreld deur interaksie met ouers	J	spierdistrofie
		K	uitgebreide gesin
		L	goeie selfbeeld
		M	generasiegaping
		N	gekoer
		O	straf

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Oormatige gebruik van fopspene en duimsuig kan tot krompratery ('lisping') lei.

1.2.2 Tweetalige kinders kan sosiale diskriminasie ervaar wat hulle ontwikkeling negatief kan affekteer.

1.2.3 Uitdrukkingsvolle taalbegrip verwys na wat ons aan ander sê.

1.2.4 Nie-verbale kommunikasie verwys na kommunikasie wat nie woorde gebruik nie, bv. gebare en lyftaal.

1.2.5 Erickson se teorie het 6 stadiums van psigososiale ontwikkeling beskryf.

1.2.6 Selfdoeltreffendheid verwys na die ontwikkeling van 'n individu se eiesoortige persoonlikheid.

1.2.7 Tydens die 'outonomie teenoor vertwyfeling en beskaamdheid' stadium moet die kind selfbeheersing ontwikkel.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Voorbeeld van 'n portuur wat intellektuele ondersteuning aanbied, is om …

A jou middagete met jou vriend te deel.
B 'n vriend met sy/haar maaltafels te help.
C jou vriend te omhels wanneer hy/sy hartseer is.
D jou vriend te help om sy/haar probleem te bowe te kom.

1.3.2 Epilepsie word beskou as 'n …

A sielkundige versteuring wat met stres verband hou.
B langdurige versteuring wat gekenmerk word deur geheueversteurings.
C geestestoestand wat spraak vertraag.
D neurologiese versteuring wat gekenmerk word deur stuipe.

1.3.3 Wanneer kinders speletjies speel en afhanklik word van mekaar se ondersteuning, word dit as … gedrag beskou.

A antisosiale
B selfgeldende
C prososiale
D aggressiewe

1.3.4 Die stresbestuurstegniek van 'konstruktiewe selfpraat' is …

A 'n mens se persepsie van daaglikse gebeure te bestuur.
B visuele strategieë wat gebruik word om negatiewe gedagtes te verminder.
C 'n geestelike monoloog waarin jy jou gedagtes hardop uitspreek.
D om geestesbeelde oor stresvolle gebeure te onthou.

1.3.5 Die instinktiewe geneigdheid om pyn en onaangename ervarings te vermy, word die … beginsel genoem.

A plesier
B realiteits
C persoonlikheids
D intellektuele

1.3.6 Saamgestelde tweetaligheid verwys na die aanleer van …

A twee tale afsonderlik deur visuele beelde.
B 'n tweede taal van die eerste een.
C 'n tweede taal indirek.
D twee tale in dieselfde omgewing.

1.3.7 As 'n kind beloon word vir sy/haar gedrag, sal hy/sy waarskynlik …

A dit heeltemal vermy.
B dit dupliseer.
C daarvan wegskram.
D dit verminder.

1.3.8 Die komponent van menslike persoonlikheid wat ons sin vir reg en verkeerd beheer:

A Id
B Ego
C Superego
D Plesierbeginsel

1.3.9 'n Proses waardeur 'n individu reageer op dubbelsinnige tonele, woorde en beelde, is bekend as 'n ...

A psigometriese toets.
B onderhoud.
C gevallestudie.
D projektiewe toets.

1.3.10 'n Optimistiese, vrolike en uitgaande persoonlikheidstipe word geassosieer met die liggaamsvloeistof …

A swart gal.
B bloed.
C slym.
D geel gal.

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 'Op die ou einde gaan jy altyd terug na die mense wat aan die begin daar was.'

Onbekende outeur

Verduidelik die rol van die portuurgroep in kindersosialisering. (5 × 2) (10)

2.2 Seksisme in letterkunde diskrimineer teen spesifieke geslagte.

Gee voorbeelde van seksisme wat in die letterkunde bestaan. (3 × 2) (6)

2.3 Bespreek die kenmerke van die ID, soos beskryf word in Freud se psigoanalitiese teorie. (4 × 2) (8)

2.4 Verduidelik kortliks wat dit beteken wanneer daar gesê word dat Bandura se sosiale leerteorie die proses van plaasvervangende bekragtiging beklemtoon. (2 × 2) (4)

2.5 Definieer elk van die volgende terme:

2.5.1 Direkte waarneming

2.5.2 Onderhoud

(2 × 2) (4)

2.6 Opnames word deur sielkundiges gebruik om menslike gedrag te ontleed.

Noem VIER voordele van opnames. (4 × 2) (8)

2.7 Verduidelik die ontwikkeling van die kind tydens Erickson se 'inisiatief teenoor skuldgevoel' stadium. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF interne faktore wat taalontwikkeling in kinders beïnvloed. (5)

3.2 Vertraagde spraak is 'n algemene taalprobleem onder kinders.

Noem strategieë wat ouers sal help wanneer 'n kind die probleem van vertraagde spraak ervaar. (5 × 2) (10)

3.3 Noem VYF oorsake van onvoldoende taalvaardighede tydens vroeë kinder-ontwikkeling. (5)

3.4 'Die outokratiese onderwyser gebruik 'n onderwyser-gesentreerde benadering in die klaskamer, en die demokratiese onderwyser betrek leerders wat deelname aanmoedig.'

3.4.1 Na jou mening, wat is 'n meer waardevolle benadering? (1)

3.4.2 Verduidelik jou antwoord met VIER redes. (4)

3.5 Senamile is vyf jaar oud en woon die Grade RR by Baobab Montessori Skool in Bryanston, Gauteng by. Sy is baie stil en weier om aan aktiwiteite deel te neem. Sy praat net met 'n paar persone naby haar. Mej Ms Makhanya, haar Grade RR opvoeder is bekommerd oor haar gedrag.

3.5.1 Noem die taalprobleem wat Senamile ervaar. (1)

3.5.2 Noem nog VIER kenmerke van hierdie toestand. (4)

3.5.3 Noem VYF moontlike oorsake. (5)

3.5.4 Watter VYF aanbevelings sal jy aan Mej Makhanya oor moontlike behandelingsmetodes voorstel? (5)

3.6 Verduidelik die terme *gedifferensieerde huil* en *ongedifferensieerde huil*. (2 × 2) (4)

3.7 Die holofrastiese (een-woord) stadium vorm die basis van taalontwikkeling.

Gee DRIE punte van raad vir ouers van adolessente. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 Adolessensie is die jare tussen 12–19 en word beskou as die oorgangstadium van kind na volwassene.

Gee DRIE punte van raad vir ouers van adolessente. (3 × 2) (6)


4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Identiteitsvorming

4.2.2 Selfaanvaarding

(2 × 2) (4)

4.3 Verwys na die strokiesprent-collage in 'KINDERS ervaar ook STRES!' en beantwoord die vrae.



[Bron: *https://www.joemohrtoons.com*]

4.3.1 Noem VYF fisiese effekte van stres op kinders. (5)

4.3.2 Noem VYF emosionele effekte van stres op kinders. (5)

4.3.3 Watter impak het stres op vroeë kinderontwikkeling? (5 × 1) (5)

4.4 Die vereistes vir leierskap in vroeë kinderopvoeding is en sal altyd prioriteit wees.

4.4.1 Definieer die term *demokratiese leier*. (3)

4.4.2 Verduidelik DRIE voordele van demokratiese leiers in vroeë kinderjare. (3 × 2) (6)

4.5 'n Portuurgroep bestaan uit individue met min of meer dieselfde eienskappe wat aan dieselfde ouderdomsgroep behoort en dieselfde sosiale status het en wat dieselfde belangstellings deel.

4.5.1 Noem DRIE funksies van 'n portuurgroep vir adolessente. (3 × 2) (6)

4.5.2 Noem VYF maniere waarop die adolessent geraak word as hy/sy deur die portuurgroep aanvaar word. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou